

## BYBELKUNDELEERPLANNE BY ONDERWYSKOLLEGES

M J G Coetzer

Hierdie studie-onderwerp is opgedra aan die Onderwyskollege Pretoria en is uitgevoer ten opsigte van Onderwyskolleges wat Bybelkunde (en nie slegs Bybelonderrig) as akademiese vak as deel van hul opleidingsprogram aanbied. Na sinvolle samesprekings met sommige Onderwyskolleges in Transvaal en na 'n intensiewe studie van Bybelkundeleerplanne van al die Onderwyskolleges in die RSA, is daar tot die volgende vier hoofbevindinge gekom:

1 'n Eenvormige Bybelkundeleerplan vir al die Onderwyskolleges is onmoontlik aangesien elke Universiteit (waarby 'n Onderwyskollege ingeskakel is) sy eie outonomieit handhaaf met betrekking tot die vasstelling van die inhoude van 'n Bybelkundeleerplan.

Die Onderwyskolleges is egter ten spyte van bovermelde situasie van mening dat die volgende moontlikhede eenvormigheid in 'n groot mate kan bewerkstellig:

- a) 'n Kernleerplan wat al die basiese raakpunte oor die hele spektrum van al die leerplanne saamvat.
- b) 'n Sinvolle besinning en formulering van beginsels vir kurrikulumontwerp met betrekking tot die vak Bybelkunde.
- c) 'n Insppraak deur die betrokke Onderwyskolleges by die opstel van 'n leerplan en die voorskryf van handboeke vir Bybelkunde aan Onderwyskolleges.

2 Die kronologie van die leerstof soos deur verskillende universiteite aangebied, skep probleme vir onderwysstudente wat verder wil studeer.

Studente aan tersiêre inrigtings asook studerende onderwysers ondervind soms die volgende probleme met betrekking tot die verskil in leerplanne van Universiteite:-

- a) 'n Student wat van een Onderwyskollege na 'n ander skuif, ondervind dat die kronologie van die leerstof gewoonlik verskil.
- b) 'n Student wat erkenning vir Bybelkunde II by die Universiteit ontvang waarby die Onderwyskollege ingeskakel is, ondervind 'n soortgelyke probleem as hy by 'n ander Universiteit sy studies wil voortsit.

Die volgende voorbeelde toon aan hoe sekere komponente van Bybelkunde òf glad nie behandel word nie òf gedupliseer word in die geval van studente hierbo genoem:

*Die Kanongeskiedenis van die OT en NT*

J C E <sup>1</sup>	behandel dit in Bybelkunde	I
N K P <sup>2</sup>	behandel dit in Bybelkunde	I
O K V O <sup>3</sup>	behandel dit in Bybelkunde	I
B O K <sup>4</sup>	behandel dit in Bybelkunde	II
G O K <sup>5</sup>	behandel dit in Bybelkunde	II
P O K <sup>6</sup>	behandel dit in Bybelkunde	II

*Die Kultuurhistoriese agtergrond van die OT en NT*

B O K	behandel dit in Bybelkunde	I
J C E	behandel dit in Bybelkunde	I
N K P	behandel dit in Bybelkunde	I
O K V O	behandel dit in Bybelkunde	II
P O K	behandel dit in Bybelkunde	II

*Skrifverklaring (Eksegese en hermeneutiek)*

G O K	het wel Skrifverklaring
N K P	het wel Skrifverklaring
O K V O	het wel Skrifverklaring
B O K	het geen Skrifverklaring
J C E	het geen Skrifverklaring
P O K	het geen Skrifverklaring

- 
- 1 Johannesburg College of Education
  - 2 Onderwyskollege, Pretoria
  - 3 Onderwyskollege vir Verdere Opleiding
  - 4 Bloemfonteinse Onderwyskollege
  - 5 Goudstadse Onderwyskollege
  - 6 Potchefstroomse Onderwyskollege

*Die Sinoptiese Evangelies*

B O K	behandel dit in Bybelkunde	I
G O K	behandel dit in Bybelkunde	I
J C E	behandel dit in Bybelkunde	I
N K P	behandel dit in Bybelkunde	I
P O K	behandel dit in Bybelkunde	I
O K V O	behandel dit in Bybelkunde	II

*Gebed*

B O K	behandel dit in Bybelkunde	I
G O K	behandel dit in Bybelkunde	II
P O K	behandel dit in Bybelkunde	II
N K P	behandel dit glad nie	
O K V O	behandel dit glad nie	

*Etiek*

G O K	behandel dit in Bybelkunde	II
P O K	behandel dit in Bybelkunde	II

\* Die ander Kolleges het nie hierdie benadering nie (etiek).

\* J C E het "Biblical theology" van die OT en NT in Bybelkunde I en II.

Die probleem van die kronologie van die leerstof is in die eerste instansie nie 'n probleem soseer vir die groep studente in 2(a) hierbo genoem nie, maar in 'n groot mate 'n probleem vir studente in 2(b). Aanvanklik was die getal onderwysers wat verder studeer baie min, maar dit het in die afgelepte tyd aansienlik toegeneem.

3 *Die leerplanne pas in baie opsigte nie aan by die huidige skoolgerigte Bybelkunde nie.*

Die doel met die vak Bybelkunde op tersiêre vlak is tweeledig:

- Die Onderwyskollege lei studente in die eerste instansie op om onderrig in die primêre skole te gaan gee. Die Bybelkunde-student is uit die aard van die saak beter bekwaam en toegerus om Godsdiensoonderrig aan te bied.
- Studente word akademies ook sô opgelei dat hulle met die nodige erkenning en verdere opleiding die vak Bybelkunde in die sekondêre skole kan onderrig. Ten opsigte van hierdie situasie verdien die volgende aanbeveling (in-dien prakties uitvoerbaar) oorweging:

- i) 'n Gedifferensieerde kursus in Bybelkunde vir admissie- en onderwysstudente.
- ii) 'n Kurrikulum wat ontwerp is met vormingsinhoude en vormingswaarde vir Bybelkunde aan Onderwyskolleges.

Die onderwysstudent sal uit die aard van sy studies die vak wyer en meer intensief bestudeer, maar dit is egter noodsaaklik dat hy hierby die basiese komponente van die sillabusse vir standerds 8 tot 10 sinvol sal aansny.

Indien die Universiteite hulle nie met die inhoud, benaderingswyse, terminologie, kronologie en standaard van die leerstof van Bybelkunde (st 8-10) kan versoen nie, kan die volgende alternatiewe 'n moontlike oplossing bied:

- a) Dat die Universiteite begripvolle leiding in hierdie verband sal gee, sodat Bybelkunde op hoërskool so vaartbelynd en aanvaarbaar sal wees, dat die opleiding van onderwysstudente uit die aard van die saak maklik hierby aansluiting sal vind.

#### O F

- b) Dat die Universiteite die eie aard van Bybelkunde op skool sal erken as die eie reg van die verskillende Onderwysdepartemente om hulle eie sillabusinhoude te bepaal. Dit impliseer verder dat die Universiteite in hulle leerplan 'n termynkursus sal inbou om onderwysstudente ten opsigte van skoolgerigte Bybelkunde te oriënteer.

4 *Taalvereistes vir voorgraadse studie moet nie verpligtend wees nie en Skrifverklaring vir die onderwysstudent moet anders benader word.*

Die Onderwyskolleges onderskryf die volgende Universiteite se oogmerke met eksegese in Bybelkunde heelhartiglik:

- a) "Bybelkunde wil nie selfstandige eksegete of teoloë kweek nie, maar wil 'n teoretiese onderbou en praktiese oefening verskaf sodat ander se eksegese (bv kommentare) krities gebruik en beoordeel kan word. Met ander woorde daar word nie eksegese in die eintlike sin van die woord vanuit die grondtale gedoen nie. Wat verwag word is 'n gekontroleerde omgang met die teks vanuit die struktuur,

historiese konteks, algemene hermeneutiese reëls en vermyding van eksegetiese foute." (Aldus UNISA)

- b) "Van die teologiese studente sal verwag word om selfstandig uit die grondteks die tekskritiek en eksegeese te beoefen. Dit sal uit die aard van die saak nie van die onderwysstudent verwag kan word nie. Laasgenoemde sal onderrig moet word om vanuit 'n wetenskaplik verantwoordbare Skrifbeskouing op wetenskaplik-kritiese wyse van kommentare gebruik te maak." (Aldus die Universiteit van Pretoria.)

In feite word ook nooit op hoërskoolvlak van 'n onderwyser verwag om selfstandige eksegeese te doen nie.

Die Onderwyskolleges waardeur in hierdie verband die voorgeskrewe grondbeginsels vir Skrifverklaring wat deur die Universiteite opgestel word met die oog op die toepassing daarvan op 'n geselekteerde gedeelte in sy historiese en strukturele konteks.

Die Onderwyskolleges wil ten slotte hulle opregte dank en waardering teenoor al die betrokke Universiteite betuig vir hul volgehoue bemoeienis in belang van die opleiding van onderwysstudente in die vak, Bybelkunde. Ten spyte van die Universiteite se werksprogram wat hoë akademiese eise stel, ondervind al die Onderwyskolleges oor 'n tydperk van baie jare die mooiste en beste samewerking. Ons is dankbaar vir al die vergaderings met ons gehou, simposiums waarin ons ook 'n aandeel gehad het, referate en lesings vir ons opgestel.

Ons vertrou dat die hantering van hierdie studie-onderwerp wat aan ons opgedra is, as 'n pleidooi geïnterpreteer word vir verdere bemoeienis en samewerking.

#### AANBEVELINGS

- 1 Dat 'n eenvormige sistematiese kernleerplan as basis en uitgangspunt vir Universiteite sal dien met die opstel van leerplanne vir Onderwyskolleges.
- 2 Dat 'n kurrikulum ontwerp word met vormingsinhoudende en vormingswaarde vir Onderwysinrigtinge.

- 3 Dat, indien 'n gedifferensieerde kursus in Bybelkunde vir admissie- en onderwysstudente onmoontlik is, Universiteite in hulle leerplanne 'n termynkursus sal inbou om onderwys= studente ten opsigte van skoolgerigte Bybelkunde te oriënteer.
- 4 Dat taalvereistes vir voorgraadse studie nie verpligtend vir onderwysstudente moet wees nie.
- 5 Dat die oogmerke van Skrifverklaring vir die onderwys= student die toepassing van voorgeskrewe beginsels vir Skrifverklaring op geselekteerde Skrifgedeeltes in hulle historiese en strukturele konteks sal impliseer.